Van debat na dialoog

Danie is predikant van die NG Kerk Port Elizabeth-Hoogland, skriba van die Oos-Kaapse sinode en redakteur van die OosKaap eNuus, e-publikasie van die NG Kerk in Oos-Kaapland.

Danie Mouton

Debat

Debatvoering as betroubare metode om by die waarheid uit te kom, lê baie diep ingebed in ons Gereformeerde geloofstradisie. Ons glo in debat. Dit hoor mens in die kritiese stemme na die onlangse Algemene Sinode, die Predikantebyeenkoms, en ook na sommige van vanjaar se streeksinodes. Sommige mense mis die debatte en voel onveilig in oop prosesse.

Ja, ons gló in debat.

Kerklike debatvoering roep die beeld by my op van gladiators wat mekaar in 'n antieke Romeinse arena takel. Net soos die swaardgevegte van die antieke arenas vind debatte in vooraf beplande ruimtes (kerkvergaderings) met 'n sekere stel reëls plaas. Die opset bepaal wat moontlik is, watter grense geld, wat geduld word, en wat die uitkoms is.

Die gespierde, meedoënlose vegters van ouds is vervang met die welsprekende, geleerde, vlymskerp-denkende debatvoerders. Die diskussie is ingestel op 'n kragmeting ten einde te bepaal watter standpunt wen. Die verslag of voorstel voor die vergadering definieer wat werklik en haalbaar is. Die moontlike en toelaatbare is duidelik uitgespel: die lede van die vergadering is voor óf teen, en hulle bepaal watter standpunt die kroon gaan dra.

Klink dit sinies? Ek moet sê van kleins af het debatte my gefassineer. 'n Goeie debat is opwindend. Die tempo van jou hartklop en asemhaling neem toe, jou brein fokus skerp. Gedagtes en woorde flits soos tweesnydende swaarde in die strydgesprek. Die volgende, onverwagse, opponerende gedagte van jou gespreksgenoot word getroef, geweeg, weerlê. Woorde en logiese konstruksies streef na 'n bepaalde helder uitkoms, 'n meetbare konklusie.

Oor die afgelope dekade het debatte egter vir my hul fut verloor. Dit het te doen met die tyd waarin ons leef. Waar de-

'n Antieke geveg tussen gladiators - metafoor vir die verloop van talle kerklike debatte.

batte kerklike vergaderings oor eeue heen goed gedien het, leef ons tans in 'n komplekse oorgangstyd. Kundiges beweer dat die grootste veranderinge die afgelope 1,600 jaar tans besig is om die Westerse samelewing soos 'n tsunami te tref. In so 'n tyd is 'n kompetisie van standpunte in die vorm van verslae, aanbevelings en amendemente nie voldoende om die kompleksiteit waarmee ons gekonfronteer word, te hanteer nie.

Debatte veronderstel dat enkele kundiges voldoende moontlikhede kan genereer en beredeneer om die verskillende opsies te ontgin en die vergadering tot 'n besluit te bring. In komplekse, diverse situasies is dit nie langer waar nie. Betekenisvolle verandering en insig kom dikwels van die periferie af. Dit word gebore uit die talle stukkies wysheid en ervaring wat in die gehoor self teenwoordig is. Hierdie wysheid moet deur toepaslike prosesse opgevang en veredel word.

'n Debat is 'n uiters onveilige plek. Dit inhibeer deelname. Die klem val op "sê" eerder as "hoor"; op "konklusie" eerder as "luister"; op "beoordeel" eerder as "waardeer"; op "vereenvoudig" en "reduseer" eerder as "diversiteit" en "moontlikhede". Die alternatiewe storie, wat nuwe moontlikhede skep, word nie sommer in debatte gehoor nie. Die beskeie, hardop wonder oor ander weë - die verwonderde waarneming van nuwe lewens¬moontlikhede wat soos brose ontkiemende stingels versigtig deur die grond breek, dié sal jy nooit in debatte hoor nie.

Betekenisvolle verandering en diepgaande heroriëntasie aan die evangelie word nie bereik deur die vaste konklusies en formele besluite waarop debatte uitloop nie. Soms moet mens nie 'n besluit neem nie. Die formuleer van keuses en die stem vir een moontlikheid kan nooit die diepgaande heroriëntasie wat ons tyd vra, beliggaam nie.

Dialoog

Ons het 'n nuwe dialogiese styl van saam-wees op kerklike vergaderings nodig. Beide die "arena" (kerkvergadering) en metode (debat) het grondige hersiening nodig.

Dialoog floreer waar diversiteit teenwoordig is. Diversiteit moet hier baie ruim verstaan word: oud en jonk, wit en swart (kerkhereniging!), man en vrou, tradisioneel en vernuwend, naby en ver, insluitend. Uit die saamgesels van diverse mense oor wie God is, wie ons is en wat ons roeping is, word God se stem en die moontlikhede wat Hy open die beste gehoor.

Een van die NG Kerk se diepste krisisse is die samestelling van ons vergaderings. Dit is nie divers genoeg nie. Ons kom nie vergader met die oortuiging dat God in selfs opponerende stemme gehoor word nie, en dat die waarheid gewoonlik in oënskynlike teenstellings bestaan. Die praktyk van ons vergaderingsamestelling wys dit duidelik. Dit ontglip ons nog dat 'n veelheid stemme, uit 'n verskeidenheid kontekste,

'n Dialogiese styl pleit vir diversiteit in die gesprek, wat ook metodologiese diversiteit insluit. Daar is meer maniere waarop ons kan saam-wees, verskeie prosesse, waarin ons God se stem kan hoor. Debat kan een van hierdie prosesse wees, maar nie die dominerende styl nie.

www.ecsite-uk.net

nodig is om die fyn ragwerk van wat waar is oor God, ons roeping en ons taak as kerk te verwoord nie. Waar vergaderings so duur is, is dit nie die moeite werd om waardevolle bronne te vermors op vergaderings wat per definisie net tot die monoloog van relatief eenvormige standpunte in staat is nie. Hier sal ons besonder kreatief moet wees.

'n Dialogiese styl pleit vir diversiteit in die gesprek, wat ook metodologiese diversiteit insluit. Daar is meer maniere waarop ons kan saam-wees, verskeie prosesse, waarin ons God se stem kan hoor. Debat kan een van hierdie prosesse wees, maar nie die dominerende styl nie.

In 'n dialogiese styl loop 'n diepe herwaardering van **luister** soos 'n goue draad deur alles. In die Gereformeerde tradisie het luister alles met die rol van die Woord en Gees, gebed en refleksie te doen. Kreatiewe maniere om saam voor God stil te word deur Woord en Gees, is nodig. Die rasionele greep wat ons dikwels op die Woord het (soos verwoord deur die eksegese van 'n kundige) moet verruim word om voorsiening te maak vir ons Christelike vermoë om nuwe gestaltes van gehoorsaamheid te verbeeld, om die onsienlike en die tot-nog-toe-onbedinkte te kan waarneem, te bedink en dit konkreet te begin praktiseer.

In hierdie opsig het die Woon-in-die-Woord metode van die Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes en die Lectio Divina proses geweldige moontlikhede. Die kuns wat in die vergaderingspraktyk neerslag moet vind, is om die Woord regdeur byeenkomste neerslag te laat vind.

Hiervoor moet die prosesse wat ons volg oop wees vir meerdere moontlikhede om na vore te kom. Verslae en aanbevelings as enigste pyl in die koker deug nie goed genoeg hiervoor nie. Oop doelwitte is ook belangrik. Kergaderings mag nooit uitsluitlik daarop afgestem wees om die korporatiewe NG Kerk te bestuur nie, maar veral inspirasie tot die doen van duisende dade van gehoorsaamheid, tot die uitoefen van opsies getrou aan die hart van die evangelie self.

Derde rondte: Reis

Dialoog is die geloofspraktyk wat pas by die geestelike reis waarop ons is. Ek het hierbo verwys na die tsunami wat die Westerse wêreld tref. In Suid-Afrika het dit veral te doen met die moderne lewensgevoel (krities-wetenskaplike ingesteldheid waar daar net vir die sintuiglike plek is) wat ons sedert 1994 tref.

In 'n nuwe tyd soek ons na paslike gestaltes van gehoorsaamheid aan die lewende God. Hierdie soeke is ons reis. Op reis beland mens dikwels in die woestyn waar jy nie altyd weet hóé vorentoe nie. 'n Woestynreis is 'n paslike metafoor vir die situasie van vertwyfeling waarin ons ons nou bevind. Die versoeking is om te gryp na die ou praktyke, soos debat en konklusie. Die uitdaging is om hervorm te word in die woestyn, om die nuwe vaardighede vir die nuwe tyd aan te leer.

Dialoog in diversiteit is die primêre vaardigheid van woestynpelgrims. Dis die tyd van vorming waar ons voorberei word vir die gehoorsame dien van die Here in 'n nuwe tyd. Hierdie dialoog bring ons in gesprek met die opgestane, lewende Jesus Christus, Hoof van sy kerk, wat ons deur sy Woord en Gees regeer.

Dialoog in diversiteit is die primêre vaardigheid van woestynpelgrims. Dis die tyd van vorming waar ons voorberei word vir die gehoorsame dien van die Here in 'n nuwe tyd.



http://cn.cphoto.net